



Jan van Zyl

27 Februarie 2022
Sondag 09:30

7 WEKE FEESTE

Fees van die Trompette (*Hosh Rashana*)



Volgens Lev 23:24 word hierdie fees op die eerste dag van die sewende maand gevier. Ons weet dat die getal sewe in die Bybel meeste van die tyd ook 'n simboliese betekenis het – dit is 'n heilige getal. Daarom dadelik die vermoede dat daar iets spesiaals aan die sewende maand moet wees. Hierdie dag staan bekend as *Rosh Hashana* en lei die maand Tishrei in. *Rosh Hashana* beteken letterlik die begin van die nuwe jaar. Dit kan bietjie verwarrend wees, want met die instelling van die Paasfees in Eks 12:2, het ons gelees dat die maand Nissan die eerste en belangrikste maand word. Dit wil dus voorkom of die Jode twee Nuwejaarsfeeste het. Die een word met Paasfees gevier (begin van die lente) en staan bekend as die kultiese Nuwejaarsfees. *Rosh Hashana* lei die begin van die burgerlike nuwe jaar in.

Volgens Lev 23:24,25 is daar nie ooglopend iets spesifiek wat gevier word nie, maar om een of ander rede word die dag afgesonder en moet dit as 'n Sabbat herdenk en as 'n heilige dag gevier word. Kenmerkend van hierdie fees is die aankondiging daarvan met geskal – trompette of die shofar/ramshoring. Vandag doen die Jode dit nog steeds met die Shofar wat 100 maal geblaas word.

Wat word met die fees gevier?

- Dit is 'n Nuwejaarsfees wat in die begin van herfs 'n nuwe seisoen inlei – planttyd met die hoop op groei en nuwe lewe.
- Tradisioneel is dit ook die dag waarop die skepping van Adam en Eva, die eerste mense volgens die Bybel, gevier is.
- Dan is daar in die Nuwe Testament klaarblyklik ook 'n ander betekenis wat bykom, en dit is dat die wederkoms en opstanding aangekondig sal word met trompetgeskal – dit is veral hier waar daar 'n mate van oordeel insluip, wat betekenisvol uitloop op die *Yom Kippur*, die Groot Versoeningsdag wat 10 dae later gevier word.

Num 10 gee 'n paar ander betekenis vir die blaas van trompette in die Ou Testament:

- Vir die volk en leiers om te vergader
- Om aan te dui dat die volk moes kamp opslaan en na 'n volgende plek vertrek
- Om tye van viering en blydskap aan te kondig
- Om aan te kondig dat 'n oorlog gaan begin

Binne die Joodse kultus en liturgie is **Psalms 95-100** tydens die fees gebruik. In hierdie pragtige liedere kry ons die herhalende tema van

- God as skepper
- God as koning
- God as regter

Betekenis vir vandag

Daar moet waarskynlik 'n spesiale betekenis wees vir die blaas van die trompet of shofar. Enersyds is dit 'n herinnering, 'n oproep om te onthou: *Ek is die Here jou God* (Lev 23:22). Dis tog ook opvallend dat God in Num 10 sê dat die blaas van die trompet Hom ook aan ons sal laat dink, Hom sal herinner om nie van ons te vergeet nie.

Die trompet is in die verband binne die konteks van die viering van 'n nuwe jaar, ook die oproep tot ontwaking, om wakker te word uit ons slaap en om met 'n groter bewustheid te leef. *Hosh Rashana* is saam met *Yom Kippur* die twee feeste wat die gewildste is onder Jode – selfs nie-ortodokse Jode gaan tydens die feeste na die sinagoges en neem deel aan die liturgieë en rituele. Dit is 'n fees van nadenke en refleksie oor jou lewe en is beslis in lyn met die idee dat die feeste ingestel is om ons lewens weer te herbely. Binne die Joodse kultuur is die 10 dae tussen *Hosh Rashana* en *om Kippur* 'n tyd van bestek opname en reflekteer hulle dan op vroeë soos:

- Watter betekenisvolle ervarings van die afgelope jaar het jou lewe beïnvloed en op watter maniere?
- Is daar dinge wat ek minder sou wou doen (uitlos) of goed wat ek meer van sou wou doen?
- Watter wêreld gebeure het die afgelope jaar jou omgewing en persoonlike lewe geaffekteer en op watter wyse?

- Dink aan 'n geestelike ervaring die afgelope jaar en die betekenis daarvan in jou lewe.
- Dink aan een iets wat jy in die volgende jaar sal wil bereik en hoekom jy graag daaraan tyd sal wil spandeer.
- Watter groei areas sien jy raak en hoe sal jy in die volgende jaar daaraan wil werk?
- Watter vrese het jou die afgelope jaar beïnvloed en hoe sal jy dit in die nuwe jaar wil oorkom?
- As jy volgende jaar die tyd terug kyk op jou lewe, watter veranderinge sal jy graag wil sien?

Vir nadenke en kleingroepbespreking

- Gebruik bogenoemde vrae om oor jou lewe na te dink van die afgelope jaar. Om 'n paar aantekening in jou joernaal te maak mag betekenisvol wees.
- Onder sekere Joodse groepe word die ritueel *tashlik* op die eerste middag van Rosh Hashana uitgevoer. Gebede word by 'n vloeiende rivier gedoen. En dan word stukkies brood of 'n klippie in die water gegooi as 'n simbool van jou sondes, jou gebrokenheid, dit waarmee jy sukkel en jy wil aflê. Ps 118:5-9, Ps 121, Ps 130 is van die Psalms wat tydens die rituele gebid word. Doen gerus hierdie as 'n ritueel van toewyding.



